*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (36/23)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 8 September 2023*

*"Care about what other people think and you will always be their prisoner" Lao Tzu*

## NUWE FASILITEIT SE VIERINGE IN KOEGA

Die afgelope week het Lona en KHold hul nuwe fasiliteit in Koega – die *Coega Fruit Terminal* – gevier. Wat hierdie fasiliteit uniek maak, is dat dit uit 'n pakhuis, koelstoor en houerdepot, alles in een, bestaan. Die uitleg van die pak-area en die kantore is uitstekend, met 'n uitsig oor die pak-area vanaf die eerste verdieping. Die koelkamers is goed ontwerp, met direkte laai in houers, wat dan by die aangrensende houerdepot kan "ingeplug"word; net 'n hanetreetjie van die houerterminaal af.

Hierdie tipe ontwikkeling is noodsaaklik as die bedryf Visie 260 (die volhoubare uitvoer van 260 miljoen kartonne teen 2032) wil verwesenlik. Met Oos-Kaapse boorde wat in produksie (baie suurlemoen- en mandarynboorde is jonger as vyf jaar) in die volgende vyf jaar gaan kom, is dit die Koega/PE-korridor wat in die nabye toekoms onder geweldige kapasiteitsdruk gaan kom. Hierdie tipe belegging sal hierdie druk verlig. Lona en KHold was nog altyd rolspelers in die bedryf, met Lona-personeel wat altyd bereid is om hul kundigheid en gedagtes binne die verskillende verteenwoordigende liggame en platforms van die sitrusbedryf te deel. *Maydon Wharf Fruit Terminals* (MFT) word dikwels gevra om te help wanneer ministers besoek aflê, of media 'n fasiliteit in die hawe benodig om sitrusstories te dek – ten spyte van die ontwrigting, is die MFT-span altyd gereed en bereid om hierdie geleenthede aan te bied. Baie geluk met hierdie opwindende nuwe ontwikkeling.

## TOP-TWINTIG VRUGTEPRODUSENTE IN DIE WÊRELD

'n Artikel oor die top-twintig vrugteproduserende lande ter wêreld sorg vir interessante leesstof. Suid-Afrika haal net die lys op nommer 20 – met 7,5 miljoen ton vrugte. Alhoewel Indië (1 428 miljard mense), China (1 425 miljard mense) onlangs verbygesteek het as die wêreld se mees bevolkte land, is China steeds die nommer een vrugteprodusent met 243 miljoen ton (met Indië tweede op 106 miljoen ton). Wat China interessant maak, is dat alhoewel hulle twee keer meer vrugte as enige ander land produseer, voer hulle ook aansienlike volumes van regoor die wêreld in. Suid-Amerika is op nommer 3 met Brasilië wat 39,8 miljoen ton produseer. Die enigste ander Suid-Amerikaanse lande in die top-20 is Columbia (op 15 met 10,5 miljoen ton) en Ecuador met 7,7 miljoen ton (op 19).

Turkye is die nommer een vrugteprodusent in die Midde-Ooste en nommer 4 op die wêreldlys met 24,2 miljoen ton. Ander lande in die Midde-Ooste in die top-twintig sluit Iran in (nommer 9 met 19 miljoen ton). In Noord-Amerika oorheers Mexiko en SA op nommer 5 en 6 met onderskeidelik 238 miljoen en 237 miljoen ton. Daar is vyf lande in Asië in die top-twintig – met Indonesië op nommer 7 (22,7 miljoen ton), die Filippyne op nommer 11 (16,5 miljoen ton), Viëtnam op nommer 14 (10,6 miljoen ton), Thailand op 16 (10,1 miljoen ton) en Pakistan op 17 (met 9,8 miljoen ton).

Europa kom in met Spanje op 8 (19,5 miljoen ton), Italië op 10 (17,8 miljoen ton) en Frankryk op 18 met 8,9 miljoen ton. Ander Afrika-lande in die top-20 is Egipte op 12 met 14,7 miljoen ton en Nigerië op 13 met 11,5 miljoen ton.

## GEPAK EN VERSKEEP

PPECB het aangedui dat hulle gedurende Augustus 'n paar stelselveranderings aangebring het wat die betroubaarheid van die data wat in die tabel verskaf word, kan beïnvloed.

| Einde van Week 35<br>Miljoen 15 kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike skatting | Nuutste voorspelling | Finaal gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2021 | 2022 | 2023 | 2022 | 2023 | 2023 | 2023 | 2022 |
| Pomelo's | 20.1 m | 16.4 m | 14.4 m | 14.3 m | 13.1 m | 14.4 m | 14.5 m | 16.7 m |
| Mandaryne | 28.3 m | 29.7 m | 35.4 m | 27.4 m | 33.5 m | 34.1 m | 36.0 m | 31.8 m |
| Suurlemoene | 29.7 m | 33.7 m | 34.9 m | 32.3 m | 34.8 m | 37.3 m | 35.5 m | 34.7 m |
| Nawels | 26.3 m | 26.2 m | 24.4 m | 24.6 m | 23.7 m | 25.3 m | 24.5 m | 27.8 m |
| Valencias | 39.9 m | 41.2 m | 42.5 m | 28.7 m | 31.6 m | 54.5 m | 48.5 m | 53.8 m |
| **Totaal** | **144.3m** | **147.2m** | **151.6m** | **127.3 m** | **136.7 m** | **165.6 m** | **159.0 m** | **164.8 m** |

*THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE SOUTHERN AFRICAN CITRUS GROWERS*